

## **SARS aanvaar die inkomsteskatting soos vir die 2024/25 fiskale jaar gestel**

**12 Maart 2025** - Mnr. Edward Kieswetter, die kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS), bly selfversekerd in die opneem van die hersiene inkomsteskatting soos deur die minister van finansies, mnr. Enoch Godongwana, voorgelê.

In sy begrotingsrede vandag, het die minister 'n verhoging in die inkomsteskatting tot R1.846 triljoen, van R1.841 triljoen in verlede jaar se mediumtermynbegrotingbeleidsrede (MTBBR), aangekondig. Die hersiene inkomsteskatting is 'n verbetering van die Oktober 2024-skatting en verminder die tekort in die Februarie 2024-skatting wat op R1.863 triljoen gestel was, van R22.3 miljard tot R16.7 miljard.

Ons land staar steeds moeilike ekonomiese omstandighede in die gesig wat gevolglik die ekonomiese veronderstellings negatief verskuif het. Ten spyte van hierdie onstuimige ekonomiese omgewing, sal die voorgenome inkomste-prestering die belasting-tot-BBP-verhouding effens lig tot 24.7% in die 2024/25 finansiële jaar, vergeleke die 24.5% in die 2023/24 finansiële jaar. Die belastingveerkragtigheidsverhouding het tot 1.12 verbeter van die vorige jare se 0.66.

In die kern van wat SARS doen, is die standvastige najaag van hulle mandaat wat die invordering van inkomste, versterking van nakoming en die fasilitering van regmatige handeldryf beklemtoon. Die benadering behels die analisering van hoe ekonomiese tendense en belasting- en doeanebeleide inkomste-invorderings beïnvloed. Met die doeltreffende implemetering van hulle nakomingsprogram, is SARS beter geposisioneer om alle inkomste in te vorder wat aan die fiskus verskuldig is. Die voortgesette belegging in SARS is noodsaaklik om doeltreffende belastingadministrasie te verseker.

Algehele salarisrol- en verbruikbelastings het en sal na verwagting teen die einde van die 2024/25 finansiële jaar sterk presteer, terwyl invoerbelastings en brandstofheffings na verwagting sal onderpresteer. Korporatiewe belastings het positief gegroei, behalwe vir mybou korporatiewe belastings wat aanhoudend onderpresteer as gevolg van afnemende volumes en pryse wat met uitdagings in die genetwerkte logistieke sektor gepaardgaan.

### **Salarisrolbelastings**

Met die 2024-begrotingsrede, het die minister van finansies, onder andere, belastingbeleidmaatreëls ten opsigte van salarisrolbelastings aangekondig:

- (i) Geen inflasie-verwante aanpassings aan belastingkerwe nie en kortings ter waarde van R16.3 miljard; en
- (ii) Geen aanpassings aan mediese belastingkrediete nie, wat nagenoeg R1.9 miljard sou beloop; en

- (iii) Tweepot-uittreefondsonttrekkingstelsel wat na beraming R5 miljard in die 2024/25 finansiële jaar sou lewer.

Salarisrolbelasting is aanvanklik beraam om jaar-op-jaar met 13.8% te groei om die gedrukte skatting te behaal. Dit was op die voorneme gegrond dat die loonrekening met 8.4% sou groei.

Met die 2024-mediumtermynbegrotingbeleidsrede (MTBBR), is die loonrekeningskatting tot 5.5% verlaag, en gevolglik is die MTBBR-skatting vir LBS afwaarts aangepas, wat nou 'n jaar-op-jaar groei van 12.4% vereis.

Die laer-as-verwagte groei in lone, en gevolglike negatiewe uitwerking op persoonlike inkomstebelasting, is verreken deur die hoër-as-geskatte belasting uit pensioenfondsonttrekkings, asook 'n jaar-op-jaar groei in nakomingsinkomste.

### **Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW)**

Binnelandse BTW, wat in die 2024-begroting voorgenome was om teen 'n koers van 7.1% te groei, het 'n bestendige groeiprojeksie gehandhaaf. Dit was grootliks ondersteun deur verlaging van rentekoerse, laer inflasie en rentekoerse, asook onttrekkings uit pensioenfondse, wat alles besteebare inkomste 'n hupstoot gegee het en verbruik befonds het.

Invoer-BTW, aan die ander kant, het afgeneem omdat invoere afgeneem het. Teen die einde van die derde kwartaal van 2024, was die werklike invoerkrumping 1.3%, vergeleke 'n geprojekteerde groei van 3.8% teen die einde van die MTBBV. Dit het invoer-BTW jaar-op-jaar met R4.3 miljard verminder ná terugbetalings van R280.5 miljard.

### **Brandstofheffing**

Die brandstofheffing het ook inkomste-invordering negatief beïnvloed. Met die 2024-begroting, is die invordering van brandstofheffing op R95.8 miljard geskat, wat met die MTBBR tot R82.4 afwaarts aangepas is, bloot op laer-as-geskatte verbruik gegrond. Brandstofverbruik het teen einde Februarie 2025 op 21 miljard liter gestaan, vergeleke die 24 miljard in die vorige jaar, as gevolg van die verhoogde energie-beskikbaarheid. Verrekening van noemenswaardige terugbetalings uit vorige jare het die brandstofheffing verder verminder. Dit word nou voorspel om op slegs R80.6 miljard te eindig, of R15.2 miljard laer as die oorspronklike skatting.

### **Terugbetalings**

SARS bly sterk toegewyd om hulle bydrae te lewer om 'n omgewing te koester wat ekonomiese groei ondersteun en stimuleer. Algeheel, soos op 28 Februarie 2025, het

belastinginvordering 'n netto inkomste van R1 661.3 miljard gelewer uit R2 074.6 miljard se bruto inkomste-invorderings en R413.3 miljard se totale terugbetalings wat uitbetaal is. In dieselfde tydperk, was BTW-terugbetalings R338.0 miljard, wat 'n groei van R21.3 miljard (6.7%) van die vorige finansiële jaar toon. Die groei in BTW-terugbetalings is gedryf deur BTW-kredietopgawes (in aanspreeklikheidswaarde) wat ingedien is, in verhouding met verhoogde insetbelasting wat verklaar is.

### **Maatskappye Inkomstebelasting (MIB)**

Met die 2024-begroting, was MIB-voorlopigebelasting op R302.5 miljard gestel, met 'n verwagte jaar-op-jaar krimping van 3.3%. Die hoofdrywer agter die krimping is die afwaartse prestering van die mynbou-industrie. Dit word die beste voorgestel deur 'n krimping in MIB-voorlopigebelastingbetalings van groot maatskappye in die mynbousektor (-28.4%) en die vervaardigingsektor (-1.6%), wat die grootste negatiewe neigings aangeteken het in vergelyking met die vorige finansiële jaar (2023/24). Die jaar-op-jaar krimping is as gevolg van swakker prestering deur Platinum Group Metals en steenkoolkommoditeitspryse, hoofsaaklik gedryf deur skommeling in globale aanvraag.

Minister Godongwana het erkenning gegee aan SARS se noemenswaardige stappe in hul poging om hul vermoë te herbou en versterk om belastingadministrasie doeltreffend te bestuur. Ten spyte van die moeilike ekonomiese omgewing, bring SARS se administratiewe pogings toenemende voordele in inkomste-invordering teweeg.

Kommissaris Kieswetter het gesê:

"SARS se inkomste-invordering maak 90% van regeringsbesteding uit. Dit vereis SARS om alles in hulle vermoë, binne hul mandaat, te doen om te verseker dat alle inkomste, wat aan die fiskus verskuldig is, ingevorder word om die regering se ontwikkelingsdoelwitte te ondersteun, ten spyte van die traie ekonomie. Doeltreffende invordering van alle inkomste sal help om algehele fiskale stabiliteit te handhaaf. Die najaag van binnelandse hulpbronnemobilisering is sleutel tot ons land se ontwikkeling en die beskerming van ons toekoms."

Om die uitdaging te behaal wat deur die hersiene skatting van R1.846 triljoen daargestel is, sal SARS sy benadering tot belastinginvordering bly verskerp wat die versterking van nakomingsmaatreëls insluit. Hulle sal ook volhard in die toepas van data-analise, masjien-aanleringalgoritmes en kunsmatige intelligensie om dienslewering aan belastingpligtiges te verbeter, onderwyl hulle hul vermoë verbeter om algemene nienakoming en ernstige misdaad te bespeur en aan te spreek.

Die nuwe netto inkomsteskatting vir die 2025/26 finansiële jaar is R2.006 triljoen. Die inkomsteskatting kom teen die agtergrond van 'n ekonomiese vooruitsig wat beide globaal en binnelands uitdagend is. Die nuwe netto inkomste bestaan uit 'n kombinasie van verskeie nuwe beleidmaatreëls, insluitend 'n klein verhoging in BTW, asook 'n voortgesette fokus op administratiewe doeltreffendhede. BTW sal met 0.5

persentasiepunte styg in elk van die volgende twee jaar, wat die BTW-koers op 16% in die 2026/27 finansiële jaar te staan sal laat kom.

SARS verwelkom die addisionele befondsing tot die organisasie vir die mediumtermynbestedingsraamwerk- (MTBR)-tydperk, wat vandag deur Minister Godongwana aangekondig is. SARS sal hierdie hulpbronne aanwend om skuld en alle uitstaande opgawes wat aan die organisasie verskuldig is na te jaag. Dit sal ook gebruik word om hulle tegnologiese vermoëns te moderniseer en te versterk, veral die gebruik van datawetenskap, masjien-aanleringalgoritmes en kunsmatige intelligensie om op te tree teen die gesofistikeerde en aggressiewe slenters, insluitend die aanspreek van die onwettige ekonomie wat 'n skadelike uitwerking op ons industrie het met meegaande verlies aan werkskepping en ons ekonomiese vooruitsigte belemmer. Dit sal ook gebruik word om pogings te verskerp in die fasilitering van wettige handeldryf, terwyl onwettige aktiwiteite frustreer word.

Die belastingbeleidmaatreëls wat met die 2025-begroting voorgestel is, sal 'n netto inkomste-uitwerking van R28.0 miljard vir die 2025/26 fiskale jaar jaar hê en R44.2 miljard vir die 2026/27 fiskale jaar. Die besonderhede van die nulkoers-items is by die konsep koers- en monetêre bedrae en wysiging van die inkomstewette-wetsontwerp ingesluit wat vandag vir openbare kommentaarlewering vrygestel is om die verfyning van die mosies by te staan.

*"Hoewel ons bemoedigende vordering by SARS waarneem, bly ons pynlik bewus dat soveel meer gedoen moet word om die belastinggapings aan te spreek en veral SARS moet moderniseer om die onwettige ekonomiese aktiwiteite, belastingmisdaad, aggressiewe belastingbeplanning en menige ander gevalle van nienakoming aan te spreek. Hierdie beteken alles dat daar groot bedrae belastinginkomste is wat oningevorder bly. Ons pogings in hierdie verband moet met vasberadenheid en onversetlike fokus verskerp word.*

*Ek wil graag my opregte waardering uitspreek teenoor die 13 000 SARS-werknemers wat altyd dapper op die minister se roep reageer. Ek twyfel vir geen oomblik dat hulle alles in hul vermoë sal doen om hierdie jaar se hersiene inkomsteskatting te behaal. Gedrewe deur ons toegewydheid tot die nastrewe van ons hoër doelwit, weet ek dat hulle geen moeite sal ontsien om die uitdaging aan te gryp wat verbind tot 'n waardige lewe waar kinders se onderrig befonds is, bejaardes hul toelae ontvang en lewensreddende medikasie aan ons burgers verskaf word nie, om maar 'n paar voordele te noem.*

*Ek wil graag alle belastingpligtiges bedank en almal herinner dat ons bestemming as 'n nasie onomseilbaar en onlosmaakbaar verweef is. Ons land se welvaart vereis dat almal van ons ons moue moet oprol en hard werk, sodat ons aan die volgende generasies 'n land los waarop hulle kan trots wees, waar elke persoon kan floreer en ten volle kan deel in die belonings van ons verenigde pogings", het Kommissaris Kieswetter afgesluit.*

Vir meer inligting, kontak SARS asseblief by [SARSMedia@sars.gov.za](mailto:SARSMedia@sars.gov.za).

#YourTaxMatters